

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

SAAK NR: 409/90

In die saak tussen:

MABANDLAONKE SINYONDO

APPELLANT

en

DIE STAAT

RESPONDENT

CORAM: HEFER, KUMLEBEN et GOLDSTONE ARR.

DATUM VAN VERHOOR: 21 Mei 1991

DATUM GELEWER: 24 Mei 1991

---

U I T S P R A A K

---

GOLDSTONE AR:

Die appellant, Mabandlaonke Sinyondo, het in die Rondgaande Afdeling van die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling te Welkom voor Lichtenberg R en twee assessore tereggestaan op twee aanklagte, een van moord en die ander van roof met verswarende omstandighede. Hy is op beide aanklagte skuldig bevind. Wat die aanklag van moord betref is daar geen versagtende omstandighede bevind nie en appellant is ter dood veroordeel. Op die aanklag van roof

met verswarende omstandighede is n vonnis van elf jaar gevangenisstraf opgelê.

In die Hof a quo het Appellant aansoek gedoen om verlof om te appelleer teen die skuldigbevindings en teen die bevinding dat daar geen versagtende omstandighede is nie, en dus ook teen die oplegging van die doodvonnis. Geen verlof is gevra om teen die vonnis vir die roof te appelleer nie. Verlof om te appelleer is geweier. Hierdie Hof het daarna aan appellant verlof verleen om slegs teen die oplegging van die doodvonnis te appelleer. Weens die bepalinge van die Strafwysigingswet, 107 van 1990, wat intussen in werking getree het, sal die appèl teen die vonnis nou op n veranderde basis bereg moet word. Die huidige benadering is uiteengesit in n reeks onlangse beslissings van hierdie Hof en ek hoef dit nie te herhaal nie. Die verhoorhof het bevind dat daar geen versagtende omstandighede was nie. Uit hoofde van Art 20(1) van die

Wysigingswet is dit nou die taak van hierdie Hof om met inagneming van strafversagtende of -verswarende faktore self te oordeel of die doodvonnis die enigste gepaste vonnis is.

Die relevante gebeure het plaasgevind om ongeveer 21h15 op 31 Desember 1988 te Klippan Konsessiewinkel op die President Brand Goudmyn in die distrik van Welkom. Ene Knight ("die oorledene") en ene Kubos was die aand daar werksaam. Hulle het so pas die winkel gesluit en die agterplaas inbeweeg. Die oorledene het na die staalhekke geloop met die doel om dit oop te maak en Kubos het na 'n ligte aflewering voertuig gestap. Laasgenoemde het 'n briewetas wat onder andere ongeveer R9000 kontant bevat, het in sy besit gehad. Hy het die briewetas in die voertuig geplaas. Daarna het hy by die regterdeur gestaan en gesien dat iemand met 'n vuurwapen in sy rigting vuur. Die hanteerder van die vuurwapen, soos deur die Hof a quo ten gunste van die appellant aanvaar het, was ene Araltoaane.

gunste van die appellant aanvaar het, was ene Araltoane. Die skoot wat gevuur is het Kubos in sy linkerarm getref en sy borskas binnegedring. Appellant het te voorskyn gekom. Hy het 'n groot klip in sy hande gehad en Kubos het homself met 'n plank teen die aanvaller verweer. Volgens sy bekentenis het appellant ook 'n mes in sy besit gehad. Kubos het appellant meegedeel dat hy die geld moet vat en loop wat hy wel toe gedoen het. Kubos het nog twee skote gehoor en bewusteloos op die grond neergeval. Later die aand is 'n koeël uit sy liggaam verwyder. Die oorledene is deur Araltoane op 'n kort afstand dodelik gewond. Hy is die betrokke nag oorlede vanweë 'n koeëlwond wat veelvuldige beserings veroorsaak het.

Die volgende faktore, na my mening, kan as verswarend aangemerkt word:

1. Die voorbedagtheid van en die motief vir die optrede, dws die roof;

2. Beide appellant en Araltoane was bewapen;
3. Die appellant moes die moontlikheid van die dood van h mens beseef het.

Wat versagende faktore betref, is daar die volgende wat in aanmerking geneem moet word:

1. Die appellant het nie die vuurwapen self hanteer en nie die daadwerklike opset (dolus directus) gehad om die oorledene te dood nie;
2. Soos deur die verhoorhof bevind, het Araltoane die leidende rol gespeel met die beplanning en uitvoer van die roof;
3. Ten tyde van die pleging van die misdryf was Appellant ongeveer 50 jaar oud. Hy is ongeletterd. Hy het geen vorige veroordelings waarvan geweld teen h persoon h element is nie.

Na my mening is die volgende opmerkings deur E M Grosskopf AR in S v Senonohi 1990(4) SA 727(A) te 734 D - E van toepassing in die onderhawige geval:

"n Uiteensetting van die strafverswarende en -versagtende omstandighede toon duidelik, meen ek, dat die Verhoorhof nie gekritiseer kan word vir sy bevinding dat daar geen versagtende omstandighede was in die sin waarin hierdie begrip in die verlede toegepas is nie. Ingevolge die nuwe Wet moet n mens egter wegkom van hierdie benadering. Die appellant se morele verwytbaarheid, wat die wese gevorm het van die ondersoek na versagtende omstandighede, is nie meer allesoorheersend nie (hoewel natuurlik steeds belangrik) maar moet nou in die skaal geplaas word met die ander faktore wat verband hou met die doelstellinge van straftoemeting."

Die geleerde Appèlregter het ook opgemerk (te 734 H) dat:

"As algemene riglyn meen ek dat die afskaffing van die verpligte doodstraf vir moord n aanduiding is dat die Wetgewer beoog het dat die doodstraf voortaan net in gevalle van uitsonderlike erns opgelê sou word."

In n baie onlangse uitspraak van hierdie Hof in

Amon Nkosana Mabizela v Die Staat, gelewer op 21 Mei 1991 (Saak Nr 500/90), het Friedman AR (te bls 8/9 van die getikte uitspraak) die volgende gesê:


"In the light of the fact that first appellant's guilt is based on dolus eventualis, it becomes important to determine his degree of subjective foreseeability i.e. whether he foresaw the possibility of death to the victim as faint or strong. See S v DLADLA 1980 (1) SA 1 (A) at 3. The onus is on the State to establish the presence of aggravating factors (S v NKWANYANA AND OTHERS, supra at 743 I-J). Accordingly, in so far as the degree of foreseeability is relevant on this issue, the onus would be on the State to prove that first appellant subjectively foresaw the risk of death as a strong possibility."

Ten spyte van die Verhoorhof se bevinding dat appellant wel die moontlikheid voorsien het dat Araltoane die vuurwapen kon gebruik om iemand tydens die rooftog te

dood is daar geen getuienis oor die graad van die appellant se beskouing oor die moontlikheid van die dood van 'n mens in die uitvoering van die roof nie. Met die bewyslas op die Staat, moet die appellant die voordeel van enige twyfel daaroor vergun word. 'n Verdere versagtende oorweging is dat die appellant sy laat middeljare bereik het sonder om enige vorige misdaad van geweld te pleeg. Na my mening is hierdie twee faktore kumulatief deurslaggewend. Wat die appellant se eie deelname en omstandighede betref, is hierdie nie 'n geval van "uitsonderlike erns" nie en 'n lang tydperk van gevangenisstraf is bygevolg ook 'n gepaste vonnis. Die doodvonnis is dus nie die enigste gepaste vonnis nie. Ek beskou 20 jaar as 'n gepaste termyn van gevangenisstraf.

Die volgende bevel word gemaak:

Die appèl teen die doodvonniss slaag. Dit word ter syde gestel en vervang met een van 20 jaar gevangenisstraf. Dit word ook beveel dat die vonnis van elf jaar gevangenisstraf op die aanklag van roof moet samelopend uitgedien word.



R J GOLDSTONE

HEFER AR)

STEM SAAM

KUMLEBEN AR)